WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 30

# DIE HISTORIKUS AS SKEPPER VAN DIE GESKIEDENIS

G.N. van den Bergh

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
Potchefstroom
1977

# DIE HISTORIKUS AS SKEPPER VAN DIE GESKIEDENIS

**G.N. van den Bergh**

By die aanvaarding van die tweede professoraat in die Departement Geskiedenis vra ek u aandag vir enkele gedagtes oor die historikus as skepper van die geskiedenis.

Om dit in perspektief te kan stel wil ek vooraf enkele begrippe omskryf. Eerstens gebruik ek deurgaans die woord geskiedenis in die vakkundige sin en nie as veralgemening van die verlede nie. Tweedens bedoel ek met die historikus as skepper onomwonde sy rol as vertolkende kunstenaar wat die geskiedenis tot stand bring deur die verlede te vergestalt. Ek wil hierdie rol van die historikus bevestig deur dit as uitgangspunt te stel dat die geykte en gewreekte vraag of die geskiedenis 'n wetenskap of 'n kuns is, onteenseglik beantwoord moet word met die stelling: Dit is in gelyke mate beide.

Hieruit blyk meteens die dubbele taak van die historikus: die ontdekking van die verlede en die beskrywing daarvan. Die eerste is wetenskaplik, die tweede skeppend.

Wat die eerste van hierdie take betref wentel alles, soos by enige ander ondersoek, om die bekom van inligting. Hierin word die historikus deur twee werklikhede gekonfronteer – die feit van die verlede en die bestaan van inligting daaroor. Om die regte en beperkinge wat in die historikus se skeppende funksie setel te veranker moet ons 'n oomblik by hierdie eerste taak, wat om die bronne en bronnekunde wente, verwyl.

Die historikus het as studieterrein die verlede, bepaaldelik die verlede van die mens, en die verlede is werklikheid in die sin dat die handelinge van die verlede werklik plaasgevind het. Maar dit is 'n werklikheid wat meteens die grootste van al die historikus se probleme oplewer; die feit naamlik dat, omdat hy dit nie waargeneem het nie, hy geen direkte kennis van die verlede het nie en omdat die geskiedenis hom nie kan herhaal nie, die historikus die onderwerp van sy ondersoek nie objektief kan beleef nie – 'n faktor wat hom moontlik in 'n unieke posisie in die ry van akademici plaas. „No historical work", sê M. Mandelbaum, „grasps the nature of the past immediately" en L. von Ranke, die groot meester van die moderne geskiedskrywing, wys ons daarop dat die geskiedenis slegs onmiddellik vir God is.

Asof die ontbering van direkte waarneming van sy onderwerp nie reeds 'n genoegsame belemmering van sy taak is nie, moet die historikus hom versoen met die wete dat ook die getuienis oor die verlede, sy enigste middel tot die ken daarvan, in vele opsigte onvolmaak is.

Eerstens is die bronne tot so 'n ontmoedigende graad onvolledig en fragmentaries dat die historikus nie meer as 'n 'vergruisde beeld' van die verlede daaruit kan vorm nie. Deur die verlede te sien as 'n legkaart en die bronne as

die afsonderlike stukke wat op identifikasie en rangskikking deur die historikus wag, kan sy dilemma enigsins begryp word as ons byvoeg dat die grootste gedeelte van die stukke onherwinbaar verlore is en die historikus geen kennis van die volledige beeld het aan die hand waarvan hy sy rekonstruksie kan onderneem nie.

Tweedens is daar die probleem van opset, die feit naamlik dat die verlede nie as 'n normale proses doelbewus getuienis oor homself nagelaat het nie. Om die Groot Trek as 'n voorbeeld te neem kan ons sê dat privaat korrespondensie van die Voortrekkers, 'n regeringsliggaam se beleidsverklaring, 'n manifes van voornemens deur 'n trekleier aan 'n dagblad gerig, die taktiek van 'n krygsoffisier, 'n traktaat, 'n kakebeenwa, 'n Zoeloe-assegaai, 'n geloofsoortuiging en 'n Bantoebeleid almal maaksels is van die tyd waarin hulle ontstaan het en, as sodanig uitsluitlik in diens was van hulle makers en nie bedoel was om van hulle teenoor latere geslagte te getuig nie. Selfs wilsuitings of -voorwerpe wat wel bedoel is om dade in herinnering te roep, soos 'n gelofte, 'n geloftekerk of 'n dagboek, bly die produkte van tydgenootlike denke en kan as sodanig nie al die vrae van toekomstige historici ondervan nie.

Daarom kan die historikus sy bronne slegs as 'n buitestaander hanteer, as 'n afluisteraar van 'n tweespraak tussen die mens van die verlede en sy fisiese en geestelike Überreste. Die maker is nie meer daar nie en gevolglik dien sy maaksel nie meer 'n doel nie. Die bronne is so dood soos die verlede wat hulle nagelaat het.

Maar, hoe onvolledig, hoe indirek, hoe leweloos ook al, die bronne bly die enigste middel om kennis oor die verlede te bekom, want, sê G.R. Elton, "the crucial element is the present evidence, not the fact of past existence; and (historical) questions for whose answer no material exists are strictly non-questions", terwyl Langlois en Seignobos hierdie kernwaarheid uitdruk as "no documents, no history".

Die basiese taak van die historikus is derhalwe om sy bronne te vind, te identifiseer en te ontgin. Hierdie voorarbeid is in sy geskooldheid en in die wetenskaplikheid van sy tegniek 'n ontdekkingstog soortgelyk aan dié wat onderneem word deur die skeikundige op soek na nuwe stowwe of die farmaseut op soek na nuwe geneesmiddels. Dit is 'n proses wat onderhewig is aan vaste reëls en wat as oogmerk het die ontdekking van *feite*. Hierdeur word aan die geskiedenismetodologie die etiket van wetenskaplikheid gehang al wil sommige van die beoefenaars daarvan dat die woord tussen aanhalingstekens moet staan.

Indien die historikus se taak tot navorsing beperk was, kon ons die vraag of geskiedenis 'n wetenskap of 'n kuns is sonder meer in die guns van eersgenoemde afmaak, maar die historikus se taak is daarmee nie afgehandel nie.

Hy het tot in hierdie stadium opgetree as navorser, ontdekker, speurder

en insamelaar en noteerder van inligting, maar met die afhandeling van die wetenskaplike tegniek, dit wil sê nadat alle bruikbare bronne gevind en ontgin is – die argief, die biblioteek en die museum vir die laaste maal besoek is – is slegs die formele fase van sy arbeid agter die rug. Nou tree die historikus in 'n ander gedaante na vore – die mens agter die lessenaar. Die waarnemer maak plek vir die skrywer, notering vir evaluering, die formele vir die intellektuele, navorser word geskiedskrywer en die wetenskaplike word kunstenaar.

Die tweede fase van die arbeid is die sintese, dit is die proses waardeur die fragmentariese, veelvormige en onverwante stof deur tematiese opset en afbakening in logiese samehang omskep word. Dit is die proses waardeur inligting deur evaluering, verwerking en sistematisering omskep word tot kennis, iets wat die dooie bronne nie is nie. Uit sy navorsing het die historikus die verlede ontdek. Deur die sintese omskep hy daardie kennis tot geskiedenis.

Die geskiedenis is, in die woorde van prof. A.J.H. van der Walt, nie slegs innemend of weergewend nie, of bloot meganiese rekonstruksie buite die intelek van die historikus om nie – 'n siening wat sommige studente sekerlik sal verbaas. So 'n benadering sal die verlede nie in geskiedenis omskep nie. Die geskiedenis is nie net 'n kompilasie en ordening van beskikbare inligting nie maar ook 'n vertolking van feite; nie die beskrywing van die verlede in die laaste plek nie maar die verklaring daarvan.

„Dit is die historikus wat probeer vasstel waarom gebeurtenisse tot stand gekom en watter motiewe die verrigter van handelinge tot daardie handelinge geïnspireer, beweeg of gedryf het; dit is die historikus wat die werking van die menslike gees in en agter daardie handeling probeer vasstel en ontleed; dit is die historikus wat al hierdie dinge doen om die feite te *verklaar* en sy verhaal te vertel", sê prof. J.S. du Plessis.

Dit is dan by die sintese dat die historikus na vore tree as die omskepper van verlede tot geskiedenis. Hierdie reg spruit uit die onvolledigheid en indirektheid van die bronne. Enersyds onthul hulle en andersyds verswyg, versluier en weerspreek hulle. Hulle bied antwoorde op die historikus se vrae en hulle stel self vrae waarvoor die historikus tevergeefs na antwoorde soek. Om dié rede is die historikus se vertolkende handeling onvermydelik vir die omvorming van spore tot gestalte, van verlede tot geskiedenis.

Hierdie arbeid verrig hy op grond van ander vakkundige kwalifikasies as wetenskaplikheid. Uit die boustowwe wat hy versamel het, rig die historikus die geskiedenisstruktuur op. Hy kan enersyds nie 'n groter of stewiger gebou oprig as waartoe sy materiaal hulle leen nie, maar die hoogte of breedte, die strakheid of sierlikheid, die beklemtoning van die interne of die eksterne en die kleur wat hy daaraan gaan verleen, dit bepaal hy self, en dit is goed om te onthou dat groot historici hulle reputasies nie te danke het aan meer of beter bronne nie, maar aan superieure hantering

daarvan.

Die mens speel 'n dubbele rol in die geskiedenis. Hy is beide objek en subjek daarvan. Die verlede bestaan as werklikheid buite die toedoen van die historikus, maar die sinvolle verhaal daarvan nie. Die geskiedenis bestaan nie; dit word geskep, en dit nie deur die mens as objek daarvan nie, maar deur die mens, die historikus, as subjek daarvan, as lewegewer aan dooie bronne. 'n Figuur soos Napoleon se geskiedenisbeeld is nie wat hy daarvan gemaak het nie maar wat sy biograwe daarvan maak. Die rol van die historikus as skepper vermag hy deur sy intuïtiewe denke, of, soos Du Plessis dit stel, deur die verlede te *verbeeld.* "For history", sê R.C. Collingwood, "is not contained in books or documents; it lives only as an interest and pursuit, in the mind of the historian, when he criticises and interprets the documents".

Die taak van die historikus is in hierdie verband eng persoonlik, en wêreldoorloë, magtige kulturele en ekonomiese strominge en rewolusionêre ideologieë moet deur die intellektuele meulens van die historikus gaan om in die geskiedenis te kan vorm aanneem.

Naas die ontbering van direkte kennis, is die historikus se geestelike vermoëns verder beperk deur sy eie menswees, sy eie gebrek aan volmaaktheid. Stoflike gebreke lê sy inligting oor die verlede, sy kenmoontlikheid daaroor, aan bande, geestelike gebreke beperk sy bekwaamheid tot objektiewe vertolking van die materiaal wat wel tot sy beskikking is.

Die gebreke van die stof en die gebreke van die historikus is meteen die grond vir sy skeppingsreg en gee uiteraard aanleiding tot uiteenlopende geskiedvertolkings deur verskillende historici. Hierdie verskynsel ken ons as die relatiwiteit van die geskiedbeskouing wat 'n erkenning is van die historikus se subjektiewe teenwoordigheid in sy werk en verdien ons verdere aandag. Prof. Kruger in 1946 – uit praktyk aangehaal.

Die bestaan van relatiwiteit as 'n onvermydelike en geregverdigde faktor in die geskiedskrywing het nie altyd die erkenning van vandag geniet nie. Tot minder as 'n eeu gelede is geglo dat die historikus wel tot objektiewe en volkome geskiedskrywing in staat is.

Reaksie teen die idealistiese en metafisiese geskiedskrywing van die Romantiek van die vroeë negentiende eeu het gelei tot die positiwistiese geskiedenisfilosofie. Die wortels daarvan setel in die ongeëwenaarde natuurwetenskaplike en tegnologiese vooruitgang wat kenmerkend was van die tydperk van die Industriële Rewolusie. Onder invloed hiervan het 'n denkrigting posgevat wat alle verskynsels in terme van natuurwette wou verklaar. Die natuurfilosoof Descärtes het die historikus gesien as 'n soort sosiale filosoof wat vir die mensdom moes vermag wat die wetenskaplike vir die natuur gedoen het. Met dié filosofie as basis en leunende op die Utopiese Sosialisme van Saint-Simon en Fourier en onder invloed van Auguste Comté het Franse historici soos Taine en Fustel de Coulanges, Britse historici soos

Buckle en Maitland en in 'n mate die Switser Burchkardt en die Duitsers Von Sybel en Mommsen die standpunt gehuldig dat ook in die geskiedenis sekere wetmatighede opgesluit lê. In sy *Positiwistiese Filosofie*, wat tussen 1830 en 1842 die lig gesien het, vertolk Comté die geskiedenis as 'n dialektiek en hulpwetenskap van die sosiologie. Deur blootlegging van die vaste kousale verbande wat hom aandryf en waaruit sosiale ewolusie spruit, word die geskiedenis verhef tot die wetenskap van "social physics" en moet hy bydra tot die voorspelling en selfs die bepaling van die toekomstige samelewing.

Die positiwiste ken dus aan die geskiedenis twee take toe: die vasstelling van feite en die formulering van wette. Die eerste taak is met groot ywer aangepak en het 'n aansienlike toename van gedetailleerde historiese kennis tot gevolg gehad. Maar die denkrigting het spoedig aan ernstige gebreke beswyk.

Na sy inhoud was die positiwistiese historiografie "a vast and ever growing mass of dry-as-dust factual histories, of minutely specialized monographs by would be historians knowing more and more about less and less" sê W.H. Dray. Die metodologie van die positiwiste was filosofies van aanslag, wat tot gevolg gehad het dat vermeende bewyse vir die reëls waarna almal op soek was, aanvaar is en kontradikterende stof ter syde gestel is. Op grond hiervan tipeer Collingwood dit as "the Scissors- and paste School".

Ten opsigte van die historikus het die oortuiging gegeld dat sy vooroordeel niks met die geldigheid van sy bevindings te make het nie, en dat onderlinge verskille tussen historici voortspruit uit onvoldoende kennis van die empiriese wette. Maar die ondersoek na die invloed van ras, oorerwing, die natuur, klimaat en ewolusie, en in die jongste tyd na fisiologiese wetmatighede in die geskiedenis, het die reëls wat Comté as hipotese gestel het, nie bevestig nie sodat die tweede taak, die formulering van wette ten einde die toekoms te kan bepaal, onaangepak gebly.

Bowendien is die positiwisme in die skadu gestel deur die opkoms van die filologies-kritiese metode, waarvan Niebuhr van Von Ranke die grondleggers was. Die denkrigting het 'n geskiedenis ter wille van die geskiedenis bepleit, met bronne-analise en interne kritiek as middele tot kennis in die plek van die positiwistiese empirisme.

Dié nuwe benadering het uiteindelik teen die einde van die negentiende eeu gelei tot die aanvaarding van die relatiwiteitsbeginsel, wat meesterlik in 1935 deur C.A. Beard bepleit is voor die American History Association in 'n voordrag getiteld *The noble dream*, waarin hy elf diskwalifikasies vir positiwisme en historisme noem.

Die relatiwiteitstandpunt, in aansluiting by die filologies-kritiese beginsel het gelei tot die emansipasie van die historikus. Sy toegangskaartjie tot die geskiedenishofhouding sou voortaan sy geskooldheid en etiese hantering van

die wetenskaplike tegniek wees. Die relatiwiteitsbeginsel dring nie aan op eenvormigheid, absolute waarheid, finaliteit, of selfs neutraliteit in die geskiedvertolking nie maar normaliseer die bestaansreg van uiteenlopende standpunte.

Maar relatiwiteit is 'n feit, 'n verdere werklikheid waarmee die historikus gekonfronteer word. Dit is nie 'n reg wat aan sy beroep 'n soort van digterlike vryheid toeken en waardeur sy skeppingsaanspraak in fantasie mag ontaard nie.

Die historikus wat relatiwiteit sien as 'n obstruksie in die weg tot volle waarheid – as die Sondeval se bepaalde gevolg vir hom – is wys. Hy moet in die beoefening van sy beroep hom deeglik vergewis van die oorsake van relatiwiteit ten einde dié wat uit homself spruit so ver moontlik te bekamp. Die doel moet wees om 'n praktiese handleiding vir homself te vind oor 'n beperking wat bestaan, nie om as doel te stel objektiewe geskiedskrywing, wat nie bestaan nie.

Die grondliggende oorsaak van relatiwiteit is, soos reeds gesê, onteenseglik gesetel in die bronne en is dus buite die historikus geleë. Dit noodsaak hom om, ter wille van die eenheid van die aanbieding van sy werk, deur verskeie geestelike prosesse die ontbrekende stukke van die legkaart vir homself te skep. Wanneer B. Grocé sê dat alle geskiedenis kontemporêre geskiedenis is, bedoel hy dat die geskiedenis telkens herbetrag moet word aan die hand van teenswoordige kennis eerder as op grond van nuwe vertolkings. Elton herinner ons daaraan dat "while history may commonly be thought of as the whole of mankind's past life, it is in truth equal only to the surviving past". Die plasing van bestaande stukke in die onvolledige legkaart van die verlede en die skepping van ontbrekende stukke om die oop ruimtes te vul lei uiteraard tot 'n rekonstruksie, waarvan die korrektheid relatief is ten opsigte van die insigte van die historikus en waaruit sy persoonlike inkleding nie uit te weer is nie. Hieruit tree alle ander oorsake van relatiwiteit na vore.

Die eerste hiervan lê opgesluit in die persoonlikheid van die historikus. Sy menswees is enersyds voordelig vir die beoordeling van 'n verlede waaroor hy nie afdoende kennis kan hê nie. Sy ondersoek gaan naamlik oor mense soos hyself, met dieselfde geestelike en liggaamlike behoeftes as hy en wat lede was van samelewings nie basies anders as sy eie nie. Hieruit blyk weereens die mensgebondenheid van die geskiedenis, wat die historikus in staat stel om die krisisse, smarte, vreugde en ideale van die voorgeslagte te begryp en hom daarin te kan inleef. Die nadeel is dat die historikus homself nie uit sy geskiedbetragting kan uitweer nie. Hy is gebonde aan sy lewens- en wêreldbeskouing, aan sy ervaring en sy vooroordele. Hy is self subjektief teenoor godsdienstige, nasionale, politieke en ander sake en dus nie in staat tot objektiewe beoordeling van soortgelyke probleme uit die verlede nie. "Thus the past and its values are refracted through the personality of

the historian; through the values which he himself accepts", sê Mandelbaum.

Omdat die historikus die verlede nie deur waarneming ken nie, moet hy 'n ander basis vind vanwaar hy die verlede kan betrag. Die enigste een tot sy beskikking is die hede, en hierin is die tweede oorsaak van relatiwiteit geleë. Die historikus is 'n maaksel van sy eie tyd en samelewing, en sy siening van die verlede word sonder twyfel gekleur deur sy eie tyd-ruimtelike standplaas. Hy staan, soos J. Romein dit uitdruk "in opdracht van de tijd". Die ongelukkige gevolg hiervan is dat die verlede agterstevoor benader word. Ons neig om die hede te sien as die gevolg van die verlede in plaas daarvan om die verlede te sien as voorganger van die hede. "No historian can abstract himself from his environment. Nor, indeed, should he make any attempt to do so, for his purpose as a historian is precisely to attain to an understanding both of his environment and of himself" is 'n bewering van A. Rose wat met groot versigtigheid gehanteer moet word. Om die weg van die geskiedenis te betree ter wille van 'n beter begrip van die hede is 'n algemene en seker geldige maar didaktiese benadering wat nie hoë verwagtinge stel aan die vreugde wat die beloning is van 'n studie van die geskiedenis ter wille van 'n beter kennis van die verlede nie. Ek wil liewer die benadering van A.O. Lovejoy onderskryf: "To study history is always to seek in some degree to get beyond the limitations and preoccupations of the present... It is imperative for the historian to realize that his ancestors had ends of their own which were not solely instrumental to his ends, that the content and meaning of their existence are not exhaustively resolvable into those of the existence of their posterity. In these aspects of history lie not the least of its values; for it is they especially which make of it a mind enlarging, liberalizing, sympathy-widening discipline, an enrichment of present experience."

Naas die relatiewe inwerking van die historikus se persoonlikheid van binne en sy tydsgebondenheid van buite staan hy as geesteswetenskaplike binne 'n bepaalde samelewing wat op sy dienste aanspraak het. Dit het die reg om van hom te vra om, uit hoofde van sy vak, lig te werp op die vraagstukke waarin sy gemeenskap bepaaldelik belang stel. Namate probleme en krisisse die perspektief van die samelewing verander, verander ook sy opvatting oor die sin en betekenis van die geskiedenis, en verander die vrae wat die historikus opgedra word om te beantwoord. Aldus prof. D.W Kruger.

So verander die geskiedenisbeeld so dikwels as wat 'n nuwe geslag historici dit belig. Maar ook hierin skuil gevare en Grocé se standpunt dat "the past act does not answer to a past interest, but to a present interest, in so far as it is identified with an interest of the present life", is soos die van Rose te eng pragmaties. Ons kan hoogstens met Simkhovitch saamstem: "History should be written in terms which each succeeding generation best

understands". Hoe sneller die pas van die samelewing hoe meer dikwels verander die opdragte van die tyd aan die historikus, met 'n gevolglik sneller omset van historiografie. "How transitory and fragile is the reputation of histories that were perfect in their day. Standard histories grow imperceptibly obsolete, become 'alms for oblivion' and pass into the limbo of forgotten things", sê C.H. William. By die bestudering van 'n geskiedeniswerk is dit dus nodig dat die leser hom vergewis van waar, wanneer en deur wie dit ontstaan het ten einde die oordele wat daarin uitgespreek word, in perspektief te kan stel. Mandelbaum wys daarop dat "whatever truth a historical work contains is relative to the conditioning processes under which it arose and can only be understood with reference to those processes". In dieselfde lig is die vlaag van boeke en artikels wat vandag die lig sien met titels soos *The Women in Hitler's life, Morality in Nazi Germany* en *Sex problems among American soldiers in Vietnam* veel eerder kommentaar op die sedelike denke van ons tyd as wat hulle bydra tot die kennis of die betekenis van die onderwerpe waaroor hulle handel.

Die historikus staan in diens van sy tyd, hy is nie gedienstig daaraan nie en hy moet met die besef leef dat "the past cannot be influenced by those who contemplate it from the observation post which is called the present".

'n Meer geldige regverdiging vir relatiwiteit is die historikus se keuse van onderwerp. Na aanleiding van 'n opmerking deur die Nederlandse historikus P. van Schilfgaarde vra G.J. Renier of geskiedenis „geheue" is of „herinnering". Anders as hy neem ek standpunt in by „herinnering", wat 'n seleksie uit die totaliteit van beskikbare kennis van die verlede impliseer. Ongeag wat die teoretiese taak is wat aan die deur van die historikus gelê mag word, bly sy menslike vermoëns beperk en is hy aangewys op seleksie. Geen mens kan of wil alles van die verlede, selfs binne 'n afgebakende onderwerp en ongeag die beskikbaarheid van bronne boekstaaf nie, hoe dan nog beoordeel! Die historikus kies ten ene male sy onderwerp. Die tyd is lank verby dat 'n geskoolde historikus 'n studie vir sy straf sal aanpak waarby nòg hy nòg enige leser belang het.

Vir elke historikus is sy keuse van onderwerp betekenisvol volgens sy bepaalde oordeel, en uiteraard is dit relatief. Omdat hulle inherent interessant is, is dit opvallend dat uitstaande gebeure die meeste aandag trek. Hoe meer ingrypend die gebeure of hoe invloedryker die persoon, hoe intensiewer en omvattender die ondersoek en hoe groter die polemiek, en hoe groter die polemiek, hoe meer ruimte vir nuwe vertolkings. Daarom die asemrowende omvang van die historiografie oor 'n figuur soos Napoleon. Volgens die katalogus van die American Library of Congress het daar gedurende die twintig jaar tussen 1950 en 1969 nie minder nie as 453 nuwe publikasies oor hom verskyn, en dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die biografieë oor hom alleen oor die 5 000 dele beslaan. Dit is origens seker 'n redelike uitgangspunt dat elke skrywer iets anders te sê het, sodat relatiwiteit nie

slegs in die probleemkeuse setel nie maar ook in die antwoord wat elke skrywer daaroor aanbied.

Verder is elke historikus se keuse van stof oor 'n gegewe onderwerp relatief. Ten spyte van die geringe omvang daarvan is daar nog oor die meeste onderwerpe 'n groter volume inligting beskikbaar as wat 'n historikus kan – en dikwels ook wil – bemeester. Hy moet dus 'n keuse uit die stof maak en hy doen dit volgens sy oordeel oor die ter sakenheid daarvan vir sy onderwerp of vir sy benadering. So is die keuse van stof, nie minder nie as die keuse van onderwerp "value charged". A.S. Vrahimis sê: "History, compelled to select is therefore forced to remain for ever defective. It is partial in both senses of the word."

Weens die ophoping van stof is seleksie van hierdie aard vir die historikus wat oor eietydse geskiedenis skryf, 'n besondere probleem.

Hoewel stof- en temaseleksie wetmatig is, moet dit steeds geskied volgens die historikus se wesentlike waardeskatting daarvan en nie ten behoewe van 'n bepaalde denkrigting of saak nie, met ander woorde dit mag nie 'n propagandistiese doel dien nie. Vooroordeel in hierdie sin is nie sinoniem met subjektiwiteit ten opsigte van die keuse van 'n onderwerp nie.

Die aanvaarding van relatiwiteit van die geskiedbeskouing het in die jongste tyd ook deurgewerk tot die leser met dié heilsame gevolg dat kritiek op eensydige vertolkings nie uitbly nie, en dat geskiedbeskouings deesdae en alom ten beste as verteenwoordigend van die mening van 'n gesiene of geskoolde historikus aanvaar word, en nie maklik as meer as dit nie.

Vervolgens is relatiwiteit ten nouste bevang in die proses van die sintese self. 'n Verskil tussen die werkmetode van die historikus en byvoorbeeld die natuurwetenskaplike is dat laasgenoemde se skryfwerk slegs 'n boekstawing is van die bevindinge van voltooide navorsing, terwyl die skryfwerk by die historikus juis die skeppende arbeid is. Dit is 'n dink-skryf proses waarin die omskepping van verlede-waarheid in historiese waarheid nie sonder 'n mate van verwringing kan plaasvind nie. Mandelbaum wys op drie oorsake hiervan:

* Omdat 'n groot gedeelte van wat gebeur het, nie deur die historikus geken kan word nie, en die "sense of immediacy and impact" deur die historiese perspektief verlore gaan, kan die beskrywing nooit so ryk wees as die gebeure wat dit beskryf nie.
* Omdat die historikus 'n orde moet skep wat in die gebeure self nie merkbaar was nie, volg sy beskrywing nie dieselfde patroon as die gebeure nie. So word ingewikkelde gebeure vereenvoudig ter wille van 'n hanteerbare aanbieding en daardeur vervals.
* Omdat slegs 'n onderdeel van die geheel as voorwerp van ondersoek gekies word, word kontinuïteit en kousaliteit verbeur.

Ten slotte moet onthou word dat die historikus nie oor 'n vakkundige terminologie beskik nie, en dat die alledaagse woordeskat waarvan hy hom

laat bedien, self relatief is. Dink aan woorde soos staatsmanskap, orde, segregasie, vooruitgang, vyandskap, moraal, lojaliteit, rewolusie, beskawing en demokrasie.

Daar is dus 'n verskeidenheid van praktiese en psigiese redes wat 'n juiste reproduksie van die verlede in die geskiedskrywing onmoontlik maak, sodat die waarheid oor die verlede nooit by een historikus gevind sal word nie. Elke historikus se siening bly relatief ten opsigte van sy onderwerp, sy stof en sy lewensuitkyk, en sy produkte dienooreenkomstig 'n persoonlike skepping.

Die gevolge van so 'n toestand is op die oog af ontstellend en dit het inderdaad aan die begin van die eeu gebeur dat relatiwiteit nie as 'n bestaande beperking op die kennis van die historikus vertolk is nie maar as iets wat beoefen behoort te word. So het relatiwiteit relatiwisme geword wat die feit van onvolkome kennis en onvolkome weergawe verhef het tot 'n leerstelling. Relatiwiteit is verplaas vanuit die teorie na die filosofie van die geskiedenis, waardeur dit nie minder gesondig het as die positiwisme wat dit wou vervang nie.

Hierdie benadering het 'n geslag van „eerlike" historici opgelewer wat die nederigheid vanself was en teenoor wie Grocé uitgeroep het: „God deliver us now and for ever from the lies of honest men". Hulle was die lakeie van wat hulle vertolk het as die behoeftes van hulle eie tyd met betrekking tot die geskiedenis en wat in die uiterste konsekwensie van hulle beskouing oor die tydgebondenheid van historiografie verstrik geraak het in soverre hulle steeds moes worstel om 'n werk vinnig genoeg gepubliseer te kry voordat die vrae wat dit wou beantwoord, deur nuwes vervang word. „We can never consider the problems of the present, for at the moment of being considered it becomes the past". So is die geskiedenis gekoppel aan die vlugtige hede eerder as aan die stabiele verlede – 'n mentaliteit wat onhoudbaar is vir produktiewe denke by die historikus, want dit lei daartoe dat feite ondergeskik gestel word aan vertolking.

As apologeet vir die sogenaamde sosialistiese geskiedvertolking van die onlangse verlede begaan Romein die kardinale fout om te beweer dat objektiwiteit vir die historikus daarin bestaan om in harmonie te wees met s[illegible] tydsgees, terwyl C. Becker relatiwisme regverdig met die woorde: „Every generation will, must inevitably, understand the past and anticipate the future in the light of its own restricted experience for its own peace of mind". Dit het tot gevolg dat, soos 'n ander skrywer dit stel: „every time we appeal to the factual relationships of the past all we get is the mentality of the historian", en ten slotte dat „all historical knowledge is relevant to the present, not the past". Dit is 'n defaitistiese houding wat relatiwiteit verabsoluteer en Voltaire se siening bevestig dat geskiedenis niks anders is as 'n poetsbakkery op die dooies nie, „a child's box of letters with which we can spell out any word we like".

So 'n oormaat van relatiwiteit kan slegs bekamp word deurdat die historikus dit voorop in sy gedagte stel dat hy ten volle gebonde is aan sy stof. Eers kom die feite, dan die vertolking.As skepper met verbeeldende interpretasie en intellektuele rekonstruksievermoëns beweeg hy steeds binne die perke van sy sekere kennis van die onderwerp, bly hy verankerd aan die opbrengstes van die wetenskaplike tegniek. Om dit weer te sê, eers die navorser dan die skepper, eers die soeker na waarheid, dan die vertolker daarvan, eers die wetenskaplike, dan die kunstenaar. Kennis van die verlede setel in die bronne nie in die gedagtes van die historikus nie. Jan Romein het in sy inougurele rede aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam aan die vermoëns van die wetenskaplike tegniek om die historikus van geldige feite te voorsien vertwyfel na aanleiding van die uiteenlopende beskouinge onder vooraanstaande historici oor die Tagtigjarige Oorlog. 'n Ander Nederlander, Pieter Geyl, het op die dwaling hiervan gewys. Die feite is stabiel en onveranderlik. Dit is ons vertolking en hervertolking van die feite wat van indiwidu tot indiwidu en van tyd tot tyd verskil.

Maar relatiwiteit het ook sy positiewe sy. Indien ons kennis van die verlede so volledig was dat uiteindelik slegs een beskrywing van 'n gegewe onderwerp geregverdig kon word en slegs een van die werke oor Napoleon bestaansreg sou hê, sou geskiedenis inderdaad 'n droë en beperkende vak gewees het. Dat dit nie so is nie, het ons te danke aan gebrekkige kennis enersyds en die skeppende historikus andersyds. Daar is selfs beweer dat geskiedenis sy bestaansreg hieraan te danke het, dat dit nie slegs oor die onvolmaakte en inkonsekwente mens handel nie maar ook deur hom beoefen word — 'n dubbele beperking wat tot gevolg het dat die historikus moontlik later as enige ander akademikus tot rypheid kom. Dat die geskiedenis die verlede nooit volkome kan ken of kan weergee nie, is 'n verwyt wat die historikus nie moeilik vind om te verdra nie, want „in its essence, history tries to shed light on the past; to make us understand it better, not absolutely," verseker E. Scott ons.

Ook moet die historikus nie te hard na onpartydigheid streef nie. Hy moet en mag die verlede telkens met nuwe oë betrag. Om heeltemal onbevooroordeeld te wees is negatief en „somewhat of an offence. The writer who strives to avoid any tendency becomes dull and the cult of impartiality paralyses the judgement", sê M. Creighton. Die historikus kan hom in dié opsig troos aan die woorde van die Amerikaanse humoris Mark Twain, wat beweer dat „the only unbiased historian is the Recording Angel, whose works are unpublished". Die historikus moet slegs weet dat sy siening relatief en tydsgebonde is en, in die woorde van Ranke, dat dit hom betaam om beskeie te wees.

Ook die tydsgebonde relatiwiteit is geregverdig en gesond. Wanneer 'n protestandse historikus die Kerkhervorming beskryf, sal hy uiteraard verskil van 'n Jesuïet. Maar dit beteken nie dat die een reg en die ander ver-

keerd is nie, of selfs dat hulle mekaar weerspreek nie. Albei betrag dieselfde hof van die historie, die een van voor, die ander van agter, die een van binne, die ander van buite, die een die kelders, die ander die geuwels. So vul die een die ander aan en word daar tot 'n meer volledige kennis van die geheel gekom. Herinnering beweeg al nader aan geheue en die legkaart van die verlede word telkens deur nuwe arbeid gerekonstrueer.

Dit is die historikus as skepper, beperk deur die stof maar deur niks anders nie, wat van relatiwiteit iets positiefs maak, waaruit die geskiedenis tree as 'n lewende, polsende dissipline, 'n debat sonder einde.

„In history the greatest advances in knowledge and understanding come from a continual questioning, readiness to challenge even the best established conventional wisdom, provided that adequate facts and logical argument can be mobilized against it. 'Free-thinking' is as essential for the historical attitude as for the scientific attitude, in the sense of an absence of inhibitions about questioning accepted truths".

Ek wil ten slotte as toepassing van die relatiwiteitsbeginsel in die geskiedbeskouing en die historikus se reg op 'n eie siening, 'n saak aanraak wat ek voel dringende aandag verdien; die probleem van handboeke vir studieleiding in Europese geskiedenis aan Afrikaanse universiteite.

Uiteraard word die meeste werke oor Europese geskiedenis deur Europeërs geskryf, terwyl ons tweede taal Afrikaanse universieite aanwys op Engelse werke. Die gevolg is dat Suid-Afrikaanse studente onbewustelik die Europese, bepaaldelik die Angel-Saksiese, geskiedvertolking aanvaar.

Ons het relatiwiteit naamlik onder andere gesien as tyds- en groepsgebonde en op grond hiervan behoef dit geen uitgerekte betoog om die hedendaagse Britse geskiedvertolking te tipeer as gekondisioneer deur liberalistiese en sosialistiese strominge nie. Dit is veral die geval met die jongste geslag historici, wat die voorafgaande nasionalistiesingestemde skrywers, wie se werke nie langer herdruk word nie, vervang het.

Die historiografie oor die negentiende en twintigste eeu is in die besonder hier ter sprake. Hierdie was tydperke wat in Europa gekenmerk is deur die opkoms van nasionalisme, liberalisme, sosialisme en imperialisme, sake wat Suid-Afrika juis huidig ten nouste raak, sodat die gevare van hulle liberaal-sosialistiese, anti-kolonialistiese en internasionaal georiënteerde geskiedvertolking vir voorgraadse Suid-Afrikaanse studente nie moeilik in te beeld is nie. Die algemene neiging van hierdie historici is om as apologete in te staan vir die negentiende eeuse liberalisme en die eerste beroeringe van die Marxistiese sosialisme. Om konserwatiewe staatsmanne soos Wellington, Metternich, Bismarck en die Orleaniste en Bonapartiste monargië in Frankryk af te kam en behoudende internasionale bewegings soos die Kongresstelsel as belaglik voor te doen, hoofsaaklik op grond van hulle anti-liberalisme, is vandag mode, en om verder die mislukkings van hierdie bewegings en beleidsrigtings toe te skryf aan die onweerstaanbare krag van meer ver-

ligte nuwe idees en hulle suksesse as die tydelike gevolge van die vertrapping van die ware belange van die middelklas en proletariaat en die miskenning van die progressiewe Britse demokratiese parlementêre stelsel deur agterlike kontinentale regeerders, is die reël.

Ons het hier, met belangrike uitsonderings natuurlik, te doen met 'n pragtige voorbeeld van 'n agterstevoor vertolking van die verlede: Die Europeër leef vandag in 'n liberale en sosialistiese wêreld. Dit is die gevolg van 'n uiteindelike seëviering van liberalisme oor konserwatisme. Hierdie stryd was 'n kenmerk van die negentiende eeuse Europa. Hierop volg die onlogiese afleiding dat, omdat liberalisme geseëvier het oor 'n konserwatistiese negentiende eeuse Europa, is konserwatiwisme vanselfsprekend verkeerd en moet die onhoubaarheid daarvan in die geskiedskrywing uitgewys word. Hierdie neiging moet ook geprojekteer word teen die moderne universaliteitsidee van die liberale, en meer bepaaldelik sosialistiese geskiedvertolking. Die mensdom leef in een wêreld en het versoenbare lewensbeskouinge en dus ook geskiedvertolkings. Hierdie siening het in die jongste tyd gelei tot 'n herlewing van vergelykende geskiedenisbestudering met dialektiese oogmerke. „A broad group of historians now share the belief that the historian must not be an impartial observer of the play of historical forces, but must himself take ethical positions and consciously endorse democratic values", het G.G. Iggers in 1967 gesê.

Dat so 'n vertolking van veral die eietydse Europese geskiedenis 'n sosiale, staatkundige en nasionale bedreiging vir Suid-Afrika inhou is vanselfsprekend en behoort nie die benadering te wees van voorgeskrewe voorgraadse handboeke nie. Ek wil sekerlik nie voorgee dat werke van die aard uit die boekrakke geweer word nie – dit sou 'n weerspreking wees van die positiewe en verrykende waarde van uiteenlopende vertolkings van die verlede – iets wat ek juis bepleit het. Maar om 'n handboek met so 'n benadering vir basiese studiewerk vir Afrikaanse studente voor te skryf, en dit vir 'n kultureel-vormende vak soos geskiedenis, is nie te regverdig nie.

Ek maak dus 'n oproep op Afrikaanse historici vir die skryf van handboeke oor al die dele van die Europese geskiedenisleerplanne aan Afrikaanse universiteite – en dit beslaan feitlik helfte van die voorgraadse werk. Die tyd is allerweë hiervoor geleë. Minder as 'n dekade gelede was die getal Afrikaanse geskiedenis vakkundiges nie groot genoeg hiervoor nie. Alle aandag wat nie deur doseerwerk in beslag geneem was nie moes aan die meer dringende taak van vaderlandse geskiedskrywing gewy word. Vandag is hierdie taak sekerlik nog nie afgehandel nie, en die dosentestudente verhouding het eerder verswak, maar die blote getal doserende personeel het soveelvoudig toegeneem dat dit alleen genoegsame regverdiging is vir die afsondering van een dosent per Afrikaanse universiteit om 'n handboek oor 'n aspek of tydperk van die Europese geskiedenis, besmoontlik met onderlinge oorlegpleging en afbakening te publiseer.